
# 265 Laat ons vrolik van gemoed




Laat ons steeds sy naam verklaar:
Hy alleen is God sowaar: ***R.***

Deur sy onbegrensde mag
kry die wêreld nuwe krag: ***R.***

In sy daelikse baan
sal die goue son steeds gaan: ***R.***

En die maan sal lig weerkaats
met die sterre as haar maats: ***R.***

Al wat leef versadig Hy
uit sy milde hand so vry: ***R.***

Sy gekose volk het Hy
deur die wildernis gelei: ***R.***

Met ontferming sien Hy neer
op die sonde wat verteer: ***R.***

Laat ons dan sy majesteit
loof met volle waardigheid: ***R.***

John Milton (1608-74) Arthur Seymour Sullivan (1842-1900)